



KANTOOR VAN DIE MUNISIPALE BESTUURDER  
BERGRIVIER MUNISIPALITEIT  
POSBUS 60  
PIKETBERG  
7320

**NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING  
GEHOU OP DINSDAG 25 OKTOBER 2016 OM 10:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE  
KANTORE, PIKETBERG**

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

|                    |      |   |                               |
|--------------------|------|---|-------------------------------|
| Rdh EB Manuel      | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester      |
| Rdd Me SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh RM Van Rooy    | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee  |
| Rdl MA Wessels     | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee  |

**ANDER RAADSLEDE**

Rdh A de Vries : Speaker

**AMPTENARE**

|                    |   |   |
|--------------------|---|---|
| Adv H Linde        | - | Munisipale Bestuurder                       |
| Me AG Louw         | - | Direkteur Korporatiewe Dienste (waarnemend) |
| Mnr JA Van Niekerk | - | Direkteur Finansiële Dienste                |
| Mnr H Kröhn        | - | Direkteur Tegniese Dienste                  |
| Me A van Sittert   | - | Bestuurder: Strategiese Dienste             |
| Mnr W Wagener      | - | Bestuurder: Beplanning en Ontwikkeling      |
| Me J Erasmus       | - | Interne Ouditeur                            |
| Mnr NJ Scheepers   | - | Hoof: Komitee en Sekretariële Dienste       |
| Me AA Somers       | - | Klerk: Komitee Dienste                      |
| Me CC Cloete       | - | Senior Tikster                              |

AKSIE

**BKN001/10/2016**

**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Munisipale Bestuurder open die vergadering met gebed, waarna die Voorster almal by die vergadering verwelkom. 'n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan die Munisipale Bestuurder wat terug is na haar oorsese vakansie.

\*\*\*

**BKN002/10/2016**

**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**

**3/3/14**

Direkteur Korporatiewe Dienste – IMPSA - werkswinkel

\*\*\*



NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING  
GEHOU OP DINSDAG 25 OKTOBER 2016 OM 10:00 IN DIE RAADSAAL,  
MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

**BKN003/10/2016**

**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**

**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare verklaar dat hulle geen persoonlike belange, met betrekking tot die items op die agenda, het nie.

\*\*\*

**BKN004/10/2016**

**BEKRAGTING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING: DINSDAG 27 SEPTEMBER 2016**

**3/3/2/2**

**Besluit:**

Dat die notule van die vergadering gehou op Dinsdag 27 September 2016 bekragtig word.

\*\*\*

**KLERK:  
KOMITEEDIENSTE  
(A SOMERS)**

**BKN005/10/2016**

**VERKLARINGS/MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER EN DIE MUNISIPALE BESTUURDER**

**3/3/1/6**

Die Munisipale Bestuurder meld dat die drieling van kollega C Strauss op 17 Oktober 2016 gebore is.

\*\*\*

**BKN006/10/2016**

**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS: BESTUURDER STRATEGIESE DIENSTE: MOBILITEIT: "MELLOWCABS"**

**3/3/1/5**

***(’n Visuele voorlegging word vertoon)***

Die Bestuurder: Strategiese Dienste doen ’n visuele voorlegging waar sy terugvoering gee rakende een van die behoeftes wat navore gekom het by 2015 se Wykskomiteevergaderings, met betrekking tot mobiliteit in Porterville, Piketberg en Velddrif as deel van die ekonomiese ontwikkelingsprogram.

Sy noem dat daar by ’n vergadering van die Bergrivier Ekonomiese Ontwikkelingsforum se entrepreneurskapsontwikkelings werksgroep meer inligting verskaf is oor ’n potensieële oplossing vir die behoefte aan mobiliteit.

Sy noem dat die maatskappy in Stellenbosch gevestig is en dat die produk 100% Suid-Afrikaans is.

Voorts brei sy uit oor die meganiese kenmerke van die produk.



NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING  
GEHOU OP DINSDAG 25 OKTOBER 2016 OM 10:00 IN DIE RAADSAAL,  
MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

Verskeie insette word gelewer deur die raadslede en amptenare.

Die Munisipale Bestuurder versoek dat 'n onmiddellike ondersoek ingestel word rakende die taxi roetes van Piketberg, Porterville, Velddrif en moontlike konflikareas.

Voorts meld sy dat 'n vergadering beplan word waar alle verkeersbeamptes en verteenwoordigers van taxi-verenigings oor die projek ingelig word.

**BESLUIT:**

1. Dat voortgegaan word met 'n Loodsprojek in Velddrif waar twee "Cabs" beskikbaar gestel word om die behoefte te toets vanaf Desember 2016; en
2. Dat gesprekke met Taxi-eienaars gevoer word, alvorens die "Cabs" geloods word.

\*\*\*

**BKN007/10/2016**

**MOSIES / VRAE**

**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

\*\*\*

**BKN008/10/2016**

**DRINGENDE SAKE/VERSLAE VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER**

**9/1/2**

Geen

\*\*\*

**BKN009/10/2016**

**MONTHLY BUDGET STATEMENT: AUGUST 2016**

**15/3/8**

The Portfolio Chairperson gave a brief summary of the item under discussion.

**RECOMMENDATION: TO BE RESOLVED BY COUNCIL**

That the Council notes the quarterly and monthly budget statement and supporting documentation for August 2016.

\*\*\*

**BESTUURDER:  
STRATEGIESE  
DIENSTE**



NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING  
GEHOU OP DINSDAG 25 OKTOBER 2016 OM 10:00 IN DIE RAADSAAL,  
MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

**BKN010/10/2016**

**PELICAN BEACH RESORT**

**17/7/4/1**

***(A Replacement report was tabled – Annexure A)***

The Portfolio Chairperson gave a short background of the item under discussion.

The Manager: Planning and Development took the Councillors and officials through the report.

Various inputs and comments were made by the members present.

The Municipal Manager requested that the Administration be afforded with an opportunity to provide feedback regarding “point c”.

**RECOMMENDATION: TO BE RESOLVED BY COUNCIL**

**Option 4**

- a) Subdivision of Erf 576 Laaiplek into three (3) portions:
- Portion A: portion of East Street;
  - Portion B: the day camping area, swimming pool area, current chalets as well as caravan parking; and
  - Portion C: current undeveloped portion of the site.
- b) Rezone from Resort Zone I (Tourist accommodation) and Transport Zone II (Public Street) to Sub-divisional Area in order to make provision for:
- Portion A: Transport Zone II (Public Street);
  - Portion B: Open Space Zone I (Public Open Space); and
  - Portion C: Resort Zone I (Tourist accommodation).
- c) Keep Portion B and develop it with public facilities;
- d) Put Portion C up for sale by means of tender; and
- e) That the amount of 1250 000 (VAT included) be used as minimum tender price of Portion C.

**Calculation of the value of Portion C**

(Municipal Valuation / Size of Erf 576 Laaiplek) x Size of Portion C = Price for Portion C  
( 3000 000 / 55350m<sup>2</sup> x 23200m<sup>2</sup> = R 1 257 440.00  
Proposed minimum tender price = R 1,25 mil.

\*\*\*



NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING  
GEHOU OP DINSDAG 25 OKTOBER 2016 OM 10:00 IN DIE RAADSAAL,  
MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

**BKN011/10/2016**

**OORSKRYDING OOREENKOMS: GEDEELTE VAN PADRESERWE BUITEKANTSTRAAT. GRESEND  
AAN ERF 1704 PIKETBERG PB 1704**

**15/3/8**

Raadsheer van Rooy lei die item in en gee agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

**AANBEVELING: VIR OORWEGING DEUR DIE BURGEMEESTERS-  
KOMITEE**

Dat die aansoek om oorskryding van 'n gedeelte van Buitekantstraat se padreserwe met  $\pm 87.5\text{m}^2$  deur die eienaar van Erf 1704 Piketberg goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

1. die gedeelte padreserwe bly die eiendom van Bergrivier Munisipaliteit;
2. die gedeelte padreserwe mag slegs omhein word met 'n verwyderbare omheining (geen permanente strukture / grensmuur mag opgerig word nie);
3. die eienaar van Erf 1704 Piketberg sal aanspreeklik gehou word vir die herstelkoste van enige dienste wat op die gedeelte voorkom, sou dit deur sy/haar gebruik van die gedeelte padreserwe beskadig word;
4. die Munisipaliteit sal nie verantwoordelik wees vir die betaling van vergoeding aan die eienaar van Erf 1704 Piketberg, wat weens herstelwerk aan dienste aan enige omheining, plante, ens. aangerig word, nie; en
5. die eienaar van Erf 1704 Piketberg is verantwoordelik om dit aan enige opvolger in titel skriftelik in die koopkontrak te bevestig dat die betrokke gedeelte nie deel van die eiendom is wat verkoop word nie.

\*\*\*

**BKN012/10/2016**

**ALIENATION OF A PORTION OF ERF 792, LAAIPEK ADJACENT TO ERF 2858, LAAIPEK**

**15/3/8**

The Portfolio Chairperson gave a short summary of the item under discussion.

**RECOMMENDATION: TO BE RESOLVED BY THE COUNCIL**

1. That the proposed portion of Erf 792, Laaipek ( $31\text{m}^2$  in extent), is not required to provide the minimum level of basic municipal services;
2. That Bergrivier Municipality's Council's intention to alienate a portion of Erf 792, Laaipek  $31\text{m}^2$  in extent, be advertised for 14 days for public comment/representation, and if no objections are received against the proposed alienation, proceed with point number 3;



NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING  
GEHOU OP DINSDAG 25 OKTOBER 2016 OM 10:00 IN DIE RAADSAAL,  
MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

3. Amendment of the common boundary between Erf 2858, Laaiplek and Erf 792, Laaiplek, in terms of section 24.(1)(c) of Bergrivier Municipality's By-Law relating to Municipal Land Use Planning; and
4. That the applicant pay the amount of R1000 (VAT included) involved in amendment of the common boundary e.g. surveying of all land portions, Surveyor-General fees, transfer and registration of all land portions, etc.

\*\*\*

**BKN013/10/2016**

**VORDERINGSVERSLAG: OPRIGTING VAN E - SENTRUMS VIR EENDEKUIL EN NOORDHOEK  
15/3/8**

Die Bestuurder: Strategiese Dienste gee 'n breë opsomming met betrekking tot die item onder bespreking.

**BESLUIT:**

Dat die proses vir 'n E-sentrum (internet) vir die gemeenskap van Piketberg bespoedig word.

\*\*\*

**BESTUURDER:  
STRATEGIESE  
DIENSTE**

**BKN014/10/2016**

**VERTEENWOORDIGERS OP BUITELIGGAME EN ANDER RAADSAANGELEENTHEDE  
3/2/2**

Die Munisipale Bestuurder lei die item in.

Die Uitvoerende Burgemeester meld dat 'n lys met afgevaardigdes aan die Speaker sowel as alle Burgemeesterskomitee lede deurgegee moet word.

**BESLUIT:**

1. Dat die aangehegte lys van Verteenwoordigers op Buiteliggame en ander Raadsaangeleenthede bekragtig word; en
2. Dat die goedgekeurde lys aan alle raadslede versprei word.

\*\*\*

**DIREKTEUR  
KORPORATIEWE  
DIENSTE**

**BKN015/10/2016**

**DIE SAMESTELLING EN IMPLEMENTERING VAN "LOCAL DRUG ACTION COMMITTEES" BINNE DIE  
BERGRIVIER MUNISIPALE AREA  
3/2/2**

Die Bestuurder: Strategiese Dienste gee 'n breë agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking, waarna sy alle amptenare by die vergadering inlig dat die proses in werking is.

**KENNIS GENEEM**

\*\*\*



**BKN016/10/2016**  
**VERKIESING EN OPLEIDING VAN WYKSKOMITEES**  
**3/2/2**

Die Bestuurder: Strategiese Dienste lei die item en gee kortliks agtergrond met betrekking tot die item.

Voorts bedank die Voorsitter en Raadsheer de Vries die Bestuurder: Strategiese Dienste en haar afdeling vir die wyse waarop die verkiesing van die wykskomitees plaasgevind het.

Die Onderburgemeester bedank die afdeling vir hul positiewe gesindheid, waarna sy ook 'n woord van dank uitspreek teenoor die Bestuurder: Strategiese Dienste vir hul logistieke reëlings en insette.

Die Munisipale Bestuurder meld dat op Donderdag 27 Oktober 2016 en Vrydag 28 Oktober 2016 die Burgemeester en Onderburgemeester 'n vergadering sal hou met sektorale leiers en waar alle lede van die publiek deel kan wees van die vergadering.

**KENNIS GENEEM**

\*\*\*

**BKN017/10/2016**  
**SLUITING VAN KANTOOR VIR JAAREINDE 2016**  
**2/4**

Die Munisipale Bestuurder lei die item in en gee 'n breë agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

**BESLUIT:**

1. Dat die kantore (ingesluit die Biblioteke) binne die grense van Bergrivier Munisipaliteit sluit vanaf 28 – 30 Desember 2016;
2. Dat die volgende Munisipale dienste **nie sluit nie** en soos volg gelewer sal word op 28 – 30 Desember 2016 vanaf **07:30 tot 13:00**:
  - a. Alle kassiere sal oop wees en eers om 12:00 afsluit;
  - b. Alle verkeersinbetalings gedoen word tot 12:00;
  - c. Dat bystandsdienste gelewer word vir die volgende dienste: rampbestuur, water, riool en vooruitbetaalde elektrisiteit;
3. Dat vullisverwydering en verkeersdienste soos normaal gelewer word en dat daar ook 'n volle diens in alle strandoorde gelewer word;
4. Dat alle werknemers (uitgesluit die werksaam in bogenoemde dienste (par 2 en 3)) toegelaat word om vrywillig verlof in te sit van 28 – 30 Desember 2016. Die wat nie verlof het nie of nie wil insit nie, sal werk; en
5. Dat hierdie besluit met die publiek gekommunikeer word so gou as moontlik.

\*\*\*

**DIREKTEUR  
KORPORATIEWE  
DIENSTE**



NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING  
GEHOU OP DINSDAG 25 OKTOBER 2016 OM 10:00 IN DIE RAADSAAL,  
MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

**BKN018/10/2016**

**HERSIENING VAN ORGANOGRAM**

**3/2/2**

*(’n Vervangende verslag is ter tafel gelê)*

Die Munisipale Bestuurder gee kortliks agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Die Voorsitter meld dat die Burgemeesterskomitee vergadering van 13 Desember 2016 vroeër sal plaasvind en wel op 08 Desember 2016 om 15:00.

Voorts lig hy almal teenwoordig by die vergadering in dat geen raadsvergaderings sal plaasvind tussen 16 Desember 2016 en 17 Januarie 2016 nie.

**Besluit:**

Dat die Raad kennis neem van die aangehegte prosesplan vir implementering.

\*\*\*

**DIREKTEUR  
KORPORTIEWE  
DIENSTE**

**BKN019/10/2016**

**2015/16 QUARTERLY BUDGET AND PERFORMANCE REPORT FOR QUARTER 4: 1 APRIL – 30 JUNE 2016 SUBMITTED IN TERMS OF SECTION 52(d) OF THE MUNICIPAL FINANCE MANAGEMENT ACT, 2003 (ACT 56 OF 2003)**

**5/3/2**

The Manager: Strategic Services gave a brief summary of the item under discussion.

**RECOMMENDATION: TO BE NOTED BY THE MAYORAL COMMITTEE**

1. That the quarterly performance report for Quarter 4 (1 April 2016 to 30 June 2016) be noted;
2. That this report be read in conjunction with the Quarterly Budget Report which is submitted to Council in terms of Section 52(d) of the Municipal Finance Management Act, Act 56 of 2003; and
3. That it be noted that all information and figures contained in this report are provisional and may change pending the finalization of the Annual Financial Statements at the end of August 2016.

\*\*\*





NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING  
GEHOU OP DINSDAG 25 OKTOBER 2016 OM 10:00 IN DIE RAADSAAL,  
MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

**BKN020/10/2016**

**APPLICATION FOR AMENDMENT OF THE BERGRIVIER MUNICIPAL SPATIAL DEVELOPMENT  
FRAMEWORK BY EXPANDING THE VELDDRIF/LAAIPEK URBAN EDGE AND REZONING OF A  
PORTION OF PORTION 1 OF THE FARM VLAMINKE VLEI NO. 54, DIVISION MALMESBURY FROM  
AGRICULTURAL ZONE 1 TO SUBDIVISIONAL AREA. FARM 54/1, M  
15/3/8**

The Municipal Manager gave a brief summary of the item under discussion.

**RESOLVED:**

1. That the item referred back to standing committee Corporate Services;
2. That the Manager Planning and Development consult with the Director Technical Services to write a letter to the applicant regarding the calculating of the cost for infrastructure; and
3. That the Manager Planning and Development consult with the Director Technical Services and report monthly on the process to Council.

\*\*\*

**MANAGER: PLANNING  
AND DEVELOPMENT**

**BKN021/10/2016**

**WATERDIENSTE ONTWIKKELINGSPLAN  
9/1/2**

Die Direkteur Tegnieuse Dienste gee kortliks 'n opsomming van die item onder bespreking.

**BESLUIT:**

1. Dat Bergrivier Munisipaliteit die Waterdienste Ontwikkelingsplan van Julie 2016 aanvaar en goedkeur; en
2. Dat die voorskrifte van Artikel 18 van die Wet op Waterdienste soos gelys in Wet 807 en 808, nagekom word.

\*\*\*

**DIREKTEUR TEGNIESE  
DIENSTE**

**BKN022/10/2016**

**NOTULES VAN DIE WYKSKOMITEES VIR KENNISNAME  
3/2/1/3**

Geen

\*\*\*

**BKN023/10/2016**

**NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME  
8/1/1**

Geen

\*\*\*



NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING  
GEHOU OP DINSDAG 25 OKTOBER 2016 OM 10:00 IN DIE RAADSAAL,  
MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

---

**BKN024/10/2016**

**IN KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

Geen

\*\*\*

**BKN025/10/2016**

**IN KOMITEE: BESLUIE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN  
KENNIS GENEEM IS**

Geen

\*\*\*

**BKN026/10/2016**

**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR  
OORWEGING/KENNISNAME**

Geen

\*\*\*

**BKN027/10/2016**

**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING/  
KENNISNAME**

Geen

\*\*\*

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 12:00***

***BEKRAGTIG AS 'N WARE WEERGAWE VAN DIE VERRIGTINGE***

\_\_\_\_\_  
**VOORSITTER  
(UITVOERENDE BURGEMEESTER)**

\_\_\_\_\_  
**DATUM**